

Breëband toegang tot INTERNET

STEFAN WEHMEYER

Assistentdirekteur: Steundienste

Breëband toegang tot die Internet is al 'n geruime tyd met ons in Suid-Afrika, maar hoë kostes skrik baie mense af. Die nasionale telekommunikasie verskaffer het onlangs tariewe verlaag, maar nog steeds is baie mense huiwerig om oor te skakel van 56 kbps modem na breëband.

Ek was onlangs in Europa en waar ek ook al gegaan het, het almal, deur die bank, breëband internetkonneksies gehad. Ek het dikwels Skype ('n Voice Over Internet Protocol) gebruik om huis toe te bel, en sonder die breëband konneksie sou dit nie lekker gewerk het nie. Ek weet waarvan ek praat, want hier by die huis is dit altyd 'n groot gesukkel om Skype te gebruik.

Wat is breëband?

In eenvoudige terme kan breëband gedefinieer word as enige tegnologie wat iemand in staat stel om data oor die Internet op of af te laai teen 'n beduidende hoër spoed as wat moontlik is deur middel van 'n 56 kbps modem. Die onderskeie breëband koppelings sluit in ADSL (Asymmetric Digital Subscriber Line), kabel, (mobiel) draadloos en satelliet.

In die geval van ADSL tegnologie word digitale tegnologie gebruik wat abba op die bestaande koperkabels. Stem en data word verdeel in verskillende frekwensies. Die twee afsonderlike frekwensies word dan gestuur deur die bestaande telefoonlyne. Die gevolg hiervan is 'n Internetkonneksie wat tot 30 keer of meer vinniger is as 'n standaard 56 kbps modem.

Op 'n meer tegniese noot: breëband ADSL werk deur 'n hoër frekwensie op jou bestaande telefoonlyn te gebruik. Een wat baie hoër is as die frekwensie waarop stem gebruik word. Lynfilters (inlyn filter) en sentrale filters (lynverdelers) word gebruik om enige hoër frekwensie dataseine uit te skakel wat met apparate soos telefoonhandstelle, faksmasjiene, antwoordmasjiene en analogiese modems kan inmeng.

Voordele van breëband

Spoed

'n Gewone webblad neem met 'n gewone dialup 14 sekondes om te laai. Met 'n breëband ADSL 512 kbps neem dit net 1.6 sekondes. 'n Videolêer van 30 sekondes neem agt minute met 'n dialup en slegs 26 sekondes met ADSL 512 kbps, en om 'n 3.5 Mb MP3 lêer af te laai neem 'n hele 12 minute deur 'n dialup teenoor net 1.3 minute met ADSL 512 kbps.

Landlyn permanent oop

'Ag, Stefan is alweer op die Internet' is 'n sug wat in onbruik sal raak. Breëband verdeel jou telefoonlyn tussen stem en data oproepe, so mense kan jou bel en jy kan ander mense bel, al is jy 'besig' op die Internet.

Konneksie kan gedeel word

Met die regte toerusting (draadlose koppeling) kan meer as een rekenaar gelyktydig gebruik maak van die internetkonneksie. Dit skakel dus 'n potensiële stryery uit oor wie die Internetrekenaar kan gebruik!

Toegang tot Internet van enige plek

Met 'n skootrekenaar, kan jy nou van enige plek toegang hê, hetsy jy in die huis op die bed lê of in die tuin onder 'n boom sit. Meer en meer plekke (veral lughawens) verskaf ook wireless-fidelity (Wi-Fi) hotspots

en deur middel van draadlose koppeling kry jy onmiddellike toegang. In Taiwan is die hele hoofstad Taipei onlangs ge'hotspot' en maak dit dus nie saak waar jy in die stad is nie, die Internet is altyd lewendig (solank jy net jou skootrekenaar byderhand het).

Makliker toegang tot speletjies

Vir diegene (veral kinders) wat graag speletjies op die Internet speel, is toegang soveel makliker. Speletjie konsoles is versoenbaar met breëband.

Toegang tot hoë resolusie prente

Hier dink 'n mens veral aan programme soos Google Earth. Op breëband is die toegang soveel gouer.

Antwoorde op Gereelde Vrae

Kan ek dit op my bestaande inskakel modem gebruik?

Nee, ADSL gebruik spesiale tegnologie wat 'n verskillende soort modem, ontwerp vir ADSL tegnologie, vereis.

Is my rekenaar geskik vir ADSL?

Enige rekenaar jonger as vyf jaar sal ADSL hanteer. Die minimum vereistes is 'n Pentium 200 mhz, met 'n minimum van 32 MB RAM en 150 MB oop spasie op die hardeskyf.

Gaan die lynspoed dieselfde bly?

Nee. Die teoretiese maksimum spoed word beïnvloed deur verskillende faktore soos: Die konfigurasie van die rekenaar; die webtuiste waarvandaan afgelaai word; Internet moniterings-sagteware soos 'n 'firewall' en bandwydte kontensie op spytstye.

Hoe betroubaar is ADSL teenoor 'n toegewyde breëbandskakel soos kabel?

Dit is nie so betroubaar nie, want ADSL loop deur 'n koperkabel-stemnetwerk; vanweë die aard van ADSL konneksies kan dit soms faal; en die diensverskaffer van die telefoonnetwerk, in ons geval Telkom, kan enige tyd besluit om hulle breëbanddiens te onttrek van koperkabel-netwerk.

Hoekom is ADSL duurder as inskakel toegang?

ADSL is nie soveel duurder as inskakeltoegang nie. In vergelyking met die R245 wat Telkom vra vir 'n DSL 384 breëbandtoegang (wat altyd aan is) is dit nie soveel duurder as die R120 per maand wat jy betaal vir 150 ure per maand se inskakelopsie (wat jy slegs na sewe saans kan gebruik) nie. Baie ernstige Internetgebruikers het tans 'n tweede Telkomlyn wat net vir die Internet gebruik word en met ADSL is 'n tweede lyn nie nodig nie.

Daar word gesê dat plaaslike ADSL die afgelope jaar stagnant gebly het en anders as in Suid-Afrika het internasionale breëbandverskaffers nie die luuksheid van 'n monopolie oor die netwerk soos Telkom nie. Die gevolg is dat internetspoed by hulle teen 'n verstommende tempo toeneem

Mobiele (draadlose) breëband en draadlose vastelyn breëband

Met mobiele breëband betaal jy nie vir die tyd wat jy gekoppel is nie, wel vir die data wat jy ontvang, stuur en aflaai. Dit is dus makliker om te begroot vir uitgawes.

Voordat 'n mens besluit oor die tipe mobiele breëband wat jy wil kies, moet jy kyk of die spesifieke diens in jou area verskaf word. Iburst gee, byvoorbeeld, op hulle webtuiste straatkaarte waarop aangedui word wat die ontvangs in jou area is. Mens moet ook kyk na hoeveel dit gaan kos en jou spesifieke behoeftes oorweeg. Het jy net

toegang nodig van een fisiese plek, of wil jy kan rondbeweeg? Wat doen jy op die Internet? Gebruik jy dit net om e-pos te stuur en banksake te doen of gebruik jy dit om groot lêers soos films af te laai?

Hoe vergelyk Suid-Afrika met die buiteland?

Daar word gesê dat plaaslike ADSL die afgelope jaar stagnant gebly het en anders as in Suid-Afrika het internasionale breëbandverskaffers nie die luuksheid van 'n monopolie oor die netwerk soos Telkom nie. Die gevolg is dat internetspoed by hulle teen 'n verstommende tempo toeneem.

In die VSA is daar bo en behalwe DSL ook kabel. Een maatskappy verskaf nou breëbandtoegang met 'n spoed van 50 mbps teen \$89 dollar per maand. So, dieselfde videolêer wat op die eerste bladsy van die artikel genoem is, sal nou net 'n sekonde neem om af te laai. Hulle verskaf ook 'n goedkoper 10 mbps opsie vir net \$34 dollar per maand.

In Brittanje met die nuutste opsie van Sky TV kos die duurste 16 mbps opsie slegs 10 pond per maand.

In Frankryk is dinge egter heelwat vinniger. Met die nuutste optiese veseltegnologie verskaf die Franse Telecom maatskappy internettoegang, digitale televisie en onbepaalde telefoonoproepe teen 70 Euro's per maand. Die breëbandspoed is verstommend, 2.5 gbps! Waarop dit neerkom, is dat 'n mens 80 volle lengte MP3 musieklêers binne een sekonde kan aflaai. Sjoel! As ek nou dink aan my ou modempie by die huis, waar dit my 16 ure sal neem om dieselfde te doen, is ek sommer lus en klim dadelik op die eerste die beste vliegtuig Frankryk toe!

Hoe vergelyk Telkom met oorsee? Tans is Telkom se vinnigste DSL aanbieding 'n

1 mbps diens wat R699 per maand kos! Met 'n 3 GB per maand limiet. Met Frankryk se hoë spoed toegang, kan ons limiet binne 10 sekondes bereik word...Wanneer vertrek die vliegtuig?

Ons mobiele toegang vergelyk egter goed met dié van oorsee. Beide Vodacom en MTN het 'n HSDPA diens bekend gestel met 'n 1.8 mbps spoed en daar word algemeen verwag dat hulle spoed tot 3.6 mbps sal verbeter wanneer nuwe datakaarte, wat die spoed ondersteun, beskikbaar word.

Die inwoners van Rooiwal in Tswane geniet al klaar breëband van 4 mbps. Dit word gedoen oor kraglyne. Dan is daar ook Wimax. Die word ook tans ondersoek om Suid-Afrika se breëbandellende op te los. Miskien sal meer kompetisie van die mobiele netwerke asook die nuwe telekommunikaie maatskappy Neotel meebring dat Suid-Afrikanners se breëbandkonneksies met blitsvinnige spoed sal vermeerder.

Maar wat beteken dit alles vir biblioteke? As ek in Frankryk gebly het, sou ek nooit 'n biblioteek gebruik het om 'n musiek CD of 'n DVD uit te neem nie. Hoekom die moeite doen om na 'n biblioteek te gaan en iets uit te neem as jy dieselfde produk binne sekondes op jou rekenaar/televisie kan kry? Wat met boeke sal gebeur wil ek liewers nie nou 'n mening oor waag nie.

Ter verduideliking

Bit: dit is die kleinste eenheid in rekenariserings. Dit kan 'n waarde van 1 of 0 hê. Lêergrootte word nooit in bits aangedui nie.

Byte: 'n nog steeds klein eenheid van inligting wat bestaan uit 8 bits.

Kilobyte (KB): eenheid van ongeveer 1,000 bytes (1,024 om presies te wees).

Megabyte (MB): 1,048,576 bytes of 1,024 kilobytes.

Gigabyte (GB): Ongeveer 1 biljoen bytes (1,024 MB).

Bronne

www.mybroadband.co.za

www.telkom.co.za

www.neotel.co.za

www.iburst.co.za

www.netc.coop